

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Dringend of noodsaaklik?
Waarmee is jy besig?

Skriflesing: Lukas 10:38-42

Broodjies vir die pad

"Life's most persistent and urgent question is, 'What are you doing for others?'"

— Martin Luther King Jr.

"Most of us spend too much time on what is urgent and not enough time on what is important."

— Stephen R. Covey

"Each of our passions, even love, has a stomach that must not be overloaded. We must in everything write the word 'finis' in time; we must restrain ourselves, when it becomes urgent; we must draw the bolt on the appetite, play a fantasia on the violin, then break the strings with our own hand. The Wise man is he who knows when and how to stop."

— Victor Hugo, *Les Misérables*

"You, God, who live next door—

If at times, through the long night, I trouble you
with my urgent knocking--

this is why: I hear you breathe so seldom.

I know you're all alone in that room.

If you should be thirsty, there's no one

to get you a glass of water.

I wait listening, always. Just give me a sign!

I'm right here..."

— Rainer Maria Rilke, *Rilke's Book of Hours: Love Poems to God*

"The church exists primarily for two closely correlated purposes: to worship God and to work for his kingdom in the world ... The church also exists for a third purpose, which serves the other two: to encourage one another, to build one another up in faith, to pray with and for one another, to learn from one another and teach one another, and to set one another examples to follow, challenges to take up, and urgent tasks to perform. This is all part of what is known loosely as fellowship."

— N.T. Wright, *Simply Christian: Why Christianity Makes Sense*

Life

Frederick Buechner

LIFE—THE TEMPTATION is always to reduce it to size. A bowl of cherries. A rat race. Amino acids. Even to call it a mystery smacks of reductionism. It is *the* mystery.

As far as anybody seems to know, the vast majority of things in the universe do not have whatever life is. Sticks, stones, stars, space—they simply *are*. A few things *are* and are somehow alive to it. They have broken through into Something, or Something has broken through into them. Even a jellyfish, a butternut squash. They're in it with us. We're all in it together, or it in us. Life is *it*. Life is *with*.

After lecturing learnedly on miracles, a great theologian was asked to give a specific example of one. "There is only one miracle," he answered. "It is life."

Have you wept at anything during the past year?

Has your heart beat faster at the sight of young beauty?

Have you thought seriously about the fact that someday you are going to die?

More often than not, do you really *listen* when people are speaking to you instead of just waiting for your turn to speak?

Is there anybody you know in whose place, if one of you had to suffer great pain, you would volunteer yourself?

If your answer to all or most of these questions is no, the chances are that you're dead.

** Originally published in Wishful Thinking and later in Beyond Words*

<https://www.frederickbuechner.com/quote-of-the-day/2022/7/12/life>

"In an age of speed, I began to think, nothing could be more invigorating than going slow. In an age of distraction, nothing can feel more luxurious than paying attention. And in an age of constant movement, nothing is more urgent than sitting still."

— Pico Iyer, *The Art of Stillness: Adventures in Going Nowher*

"The important thing is not to stop questioning. Curiosity has its own reason for existence. One cannot help but be in awe when he contemplates the mysteries of eternity, of life, of the marvelous structure of reality. It is enough if one tries merely to comprehend a little of this mystery each day.

—"Old Man's Advice to Youth: 'Never Lose a Holy Curiosity.'" *LIFE Magazine* (2 May 1955) p. 64"

— Albert Einstein

"If, then, I were asked for the most important advice I could give, that which I considered to be the most useful to the men of our century, I should simply say: in the name of God, stop a moment, cease your work, look around you."

— Leo Tolstoy, *Essays, Letters and Miscellanies*

Oggendgebed vir moedelose Suid-Afrikaners

Dana Snyman

Te maklik vergeet ek van die vrou wat die rooi vlag by die padwerke oral in die land swaai en van die afgetrede stasiemeester, diep in sy 70's, wat steeds sy eie grasperk sny en beddings skoffel, die horlosie in sy voorhuis presies op tyd.

En die lorrifiedrywer onderweg tussen Richmond en Hanover ná vier uur se waaksame slaap in sy Scania op Leeu-Gamka. En die jong man van Oos-Londen, 'n IT-boffin, wat nie die sessyferaanbod in Australië aanvaar het nie. En die klinieksuster met die troostende hande op Port Nolloth. En oom Japie van Strydenburg, 'n engel in 'n insleepbakkie wat gestrande reisigers in sy buitekamer herberg gee.

Die aandelemakelaar van Kaapstad wat derduisende rande in Suid-Afrikaanse kuns belê en die prokureur wat die vrou met die stukkende lip help wie se voormalige man in 'n pikswart Mercedes-Benz-AMG ry en nie onderhoud betaal nie. Die skoolhoof van die Strand wat, nadat drie van sy leerlinge op die N2 doodgery is, 'n veldtog begin om 'n voetbrug oor die N2 gebou te kry – en die brug wat toe gebou is tussen die township en sy skool.

Die hartchirurg wat aan die oom van die Noordweste sê, dis reg, oom, ek doen daardie klep vir oom gratis. Trevor Nyakane se pa en stiefma wat Trevor wou verras en die aand voor sy eerste toets in hul bakkie buite die stadion oornag het.

JC Smith van Yzerfontein wat Woensdag oorlede is terwyl hy mense gehelp het wie se boot op see omgeslaan het. Oom Koos wat elke oggend die patryse en ander voëls op die sypaadjie voor sy winkel voer.

Die NG predikant wat my 'n Tom Waits-CD gegee het. Stefaans, die regse bomplanter, wat liefde begin leef het. Die vroue wat vrywillig in DBV- en Hospice-winkels werk. Die manne Maandagoggende op die lorrie wat die vullis kom haal.

Die oom wat met die Sotho-petroljoggie Zoeloe praat. Die vars teer in slaggate in Senekal se strate, die konvooi vragmotors wat voer vir geknelde plaasboere se diere op droë plekke neem. Die gerestoureerde hotel op Britstown waarin dit voel of jy in Parys in Frankryk is. Die veiligheidswag se flits in die nag voor jou huis.

Almal wat nie soos Bheki Cele is nie. Almal wat nie soos daardie narsistiese bakkieprofeet is wat op 'n kerkkamp in st. 7 geestelik ophou ontwikkel het en almal verwyf wat in 1992 se referendum vir hul drome eerder as hul vrese gestem het.

Almal wat besef om teen ons mislukte regering en korrupte leiers te protesteer begin al hoe meer onafwendbaar word, wat Dietrich Bonhoeffer, Duitse teoloog wat deur Hitler laat hang is, se woorde instinktief aanvoel: “Ons moenie net die wonde verbind van slagoffers wat deur die wiel van ongeregtigheid vertrap word nie. Ons moet 'n stok in die wiel steek.”

Die miljoene mense wat soggens opstaan en werk toe gaan. Die plaasboere wat die grond bewerk, kos produseer en goed is vir hul werkers. Die toegewyde onderwysers en leerlinge, dosente, studente, ingenieurs, kelners, dokters, psigiaters en karwagte.

Open my oë, laat ek dit nie sal miskyk en vergeet elke keer wanneer ek dink of sê of skryf daar is geen hoop meer vir hierdie land nie.

Amen.

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/dana-snyman-oggendgebed-vir-moedelose-suid-afrikaners-20220709>

Brood vir die pad

Ervarings is selde dieselfde as jy dit tweede keer beleef

RRV

Onlangs besoek ons weer Berlyn – 'n gunsteling-stad waar ons 'n paar jaar tevore vir etlike maande gewoon het. Ons bly in dieselfde buurt en gaan weer na plekke waarvan ons goeie herinnerings het.

Maar ons besef gou dat ons belewenisse hierdie keer met dié van destyds verskil, miskien omdat die stad en ons sedertdien verander het. En plekke wat ons toe nie eintlik beïndruk het nie bekoor ons nou.

Ons besoek aan Berlyn herinner my aan 'n gedeelte uit Søren Kierkegaard se *Herhaling* (Gjentagelsen in Deens; Repetition in Engels) – 'n vreemde en komplekse boek wat op 16 Oktober 1843 verskyn het; dieselfde dag as sy bekende werk *Vrees en bewing*. In *Herhaling*, geskryf onder die (herhalende) skuilnaam Constantin Constantius, wil Kierkegaard die leser laat nadink oor die betekenis en moontlikheid van die konsep “herhaling”. Vroeg in dié teks val dit die outeur by dat hy dit kan illustreer deur weer 'n reis na Berlyn te onderneem.

By die aankoms in Berlyn haas hy hom na waar hy die vorige keer gewoon het; 'n herberg met 'n pragtige uitsig op die Gendarmenmarkt. Maar gou blyk dit dat die landheer intussen getroud is en anders optree. Hy besoek ook soos laas die teater, maar met die opvolgbesoek is die mooi meisie wat in een van die losies gesit het nie weer daar nie.

Teleurgesteld verlaat hy die teater ná 'n halfuur, met as gevolgtrekking: *Herhaling* is nie moontlik nie! Ook by sy gunsteling-koffiehuis smaak die koffie nie so goed soos destyds nie. By sy gereelde restaurant voel alles wel nog dieselfde, maar die sleur en voorspelbaarheid daarvan is hierdie keer vir hom benouend.

Kierkegaard gebruik hierdie vertelling om aan te dui dat die herhaling waarvoor hy pleit meer behels as die soort herinnering wat aan uiterlike plekke gekoppel is.

Nee, egte herhaling – wat vir hom nodig is omdat ons lewe nie 'n leiklip is waarop die tyd elke oomblik iets nuuts skryf nie en ook nie 'n gedenkboek van wat verby is nie – dui eerder op 'n innerlike lewenshouding wat in vryheid uit die verlede haal (in hierdie sin dus her-haal).

As deel van “vorentoe onthou” kan ons sodoende tussen herinnering en hoop in die hede handel.

Of soos Kierkegaard dit stel: “He who does not grasp that life is a repetition and that this is the beauty of life will perish. For hope is a beckoning fruit that does not satisfy; recollection is petty travel money that does not satisfy; but repetition is the daily bread that satisfies with blessing.”

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/sielsdinge/geestelike-waardes-ervarings-is-selde-dieselfde-as-jy-dit-tweede-keer-beleef-20220709>

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877